**Van der Walt, B J, Janse van Rensburg, F & Van der Walt, H (reds) 1997 – Kurrikulum 2005. Lewensoriëntering. Grondleggende fase. Gids vir Christen-onderwysers**

Potchefstroom: P U vir CHO. 172 bladsye. Prys: R35.00

**Resensent: Dr S Schoeman**

Die toepassing van *Kurrikulum 2005* in ons skole het in Januarie 1998 'n aanvang geneem. Dit is eers net in Graad 1 bekend gestel, maar sal mettertyd ook in die ander grade geïmplementeer word. Die aanvanklike fokus van die nuwe kurrikulum is dus op die Grondleggende fase (Graad 1 tot 3) van skoolgaan. Hoewel baie onderwysers reeds opleiding ondergaan het in uitkomsgerigte onderwys (UGO), wat 'n deel van die aanbieding van *Kurrikulum 2005* vorm, is daar tog Christen-onderwysers wat voel dat hulle nie toereikend genoeg vir hierdie taak opgelei is nie.

Volgens die skrywers (altesaam 23) is die doel van hierdie boek om sodanige onderwysers te help om koers te vind in die doolhowe van *Kurrikulum 2005*. Hulle het aan die begin van 1997 tot die ontnugterende besef gekom dat daar vanuit Christelike standpunt byna geen bydrae tot die aanbieding van *Kurrikulum 2005* gemaak is nie, terwyl heelwat handboeke en studiegidse wat op die uitgangspunt van 'n neutrale, sekulêre (wêreldse) en humanistiese (mensgesentreerde) demokrasie geskoei is, verskyn het. Christen-onderwysers sou hulle noodgedwonge na die beskikbare boeke op die mark moes wend. Volgens die skrywers is dit nadelig vir Christen-leerders indien hulle net met godsdiens-neutrale en godsdiens-relativistiese leerinhoude te doen kry. Die Christelike beginsels en waardes moet eweneens aan hulle oorgedra en gefasiliteer word. Daar is toe besluit om Christen-onderwysers deur middel van hierdie boek te steun om nie alleen te bereik wat die onderwysowerhede van hulle verwag nie, maar om dit in die lig van die tersaaklike Skrifwaarhede te doen, sodat daar nie fout kom met die lewensbeskoulike grondslagvorming van die Christen-kind nie.

Die boek bestaan uit 'n inleidende gedeelte, en agt hoofstukke wat handel oor die agt spesifieke leeruitkomste soos vir die leerarea *Lewensoriëntering* vir die Grondleggende fase voorgeskryf. Uit 'n kort samevatting van die inhoud van die hoofstukke, sal die leser 'n beeld kan vorm van die inhoud van die boek:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- In die inleidende gedeelte word aan die onderwyser verduidelik hoe *Kurrikulum 2005* werk en wat van die onderwyser in die nuwe onderwysbedeling verwag word.
- In hoofstuk 1 word oor die uniekheid, waardevolheid en belangrikheid van die mens gehandel, sodat die leerders hulleself as unieke en waardevolle menslike wesens kan sien en begryp (Leeruitkoms 1).
- Hoofstuk 2 bevat die basiese beginsels en waardes van die Christelike siening oor sosiale verbande, asook die gesindhede en waardes wat ter sprake is as 'n mens in dié sosiale verbande met ander mense verkeer (Leeruitkoms 2).
- In hoofstukke 3 en 4 word die vraagstuk van eerbied vir die reg van mense om persoonlike oortuigings en waardes te huldig behandel, asook die feit dat dit 'n basiese mensereg is om 'n eie godsdiens aan te hang, eie oortuigings te hê en jou mening vryelik te lug, mits jy nie ander mense benadeel nie (Leeruitkomste 3 en 4).
- Hoofstuk 5 beskryf die vaardighede wat die mens ten opsigte van besluitneming en ander uitdagings van die lewe behoort te hê (Leeruitkoms 5).
- In hoofstukke 6, 7 en 8 word daarop gewys dat mense nie gemaak is om voortdurend te werk nie, maar dat hulle soms moet rus en ontspan, en word dus ingegaan op die gebruik van die mens se potensiaal en talente in beroeps- en ander geleenthede. Die mens se hele lewe moet 'n beeld van ewewigtigheid uitstraal. Alle fasette van die mens is belangrik: die liggaamlike en die geestelike. Die waardes en gesindhede wat die mens vir so 'n gesonde en gebalanseerde leefstyl benodig, word bespreek. Gesien teen hierdie agtergrond word die noodsaaklikheid beklemtoon van deelname aan aktiwiteite wat van doeltreffende menslike beweging en ontwikkeling getuig (Leeruitkomste 6, 7 en 8).

As Christen-onderwysers 'n les oor een van die leeruitkomste moet voorberei, kan hulle dus die hoofstuk wat oor daardie leeruitkoms handel, indringend bestudeer. Op verskeie plekke in die boek is praktiese voorbeelde gegee van hoe die onderwyser te werk kan gaan om sekere kennis en insigte by die leerders tuis te bring. Hierdie wenke kan met groot vrug gebruik word. Daar word ook dikwels na Bybelgedeeltes verwys. Die Christen-onderwyser kan die beginsels wat hier vir die Grondleggende fase uitgestippel is, ook net so van toepassing maak op die ander fases (Intermediêre en Senior fases) van die leerarea *Lewensoriëntering,* sowel as op die ander sewe leerareas.

Verskeie inkonsekwenthede en tik-, spelling- en grammatiese foute kom wel voor, maar dit is nie steurend nie.

*Kurrikulum 2005. Lewensoriëntering. Grondleggende fase. Gids vir Christen-onderwysers* word sterk aanbeveel. Die boek behoort baie nuttig en selfs onmisbaar te wees vir Christen-onderwysers, ongeag of hulle in openbare of onafhanklike skole skoolhou, in hulle voorbereiding om die uitkomste wat Kurrikulum 2005 in die leerarea *Lewensoriëntering* vereis, te fasiliteer en die basiese beginsels van die Christendom aan die leerders in dié proses oor te dra; asook om hulleself lewensbeskoulik te vorm en toe te rus om die toepaslike Skriftuurlike beginsels in hulle onderrig te gebruik en toe te pas ten einde te verseker dat die Christelike beginsels en waardesisteem nie agterweë bly in die aanbieding van die nuwe uitkomsgerigte onderwys (UGO) nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services